10 Augustus

Skrifgedeelte: Haggai 1 (1953-vertaling)
Fokusgedeelte: Haggai 1:5-6, 12

# Die omgekeerde lewensorde

Die teruggekeerde ballinge moes dit gewéét het: In die verhouding van God en mens kom die ewige en enige Skepper altyd eerste en die klein mensie tweede. So is hulle in die wet geleer: Eérs God en sy diens en dán die naaste.

Helaas, Israel ruil hierdie orde om. Hulle sê: Die tyd het nog nie gekom dat die huis van die HERE herbou moet word nie (vs 2). Ondertussen werfskaf hulle om hulle eie huise so goed moontlik in te rig, nogal luuks met paneelwerk en plafonne (vs 4).

Dis hierdie soek na eiebelang wat Haggai deur 'n woord van die Verbondsgod aan die kaak stel. Dit gebeur *in die tweede jaar van koning Darius, op die eerste dag van die sesde maand* (vs 1); dit is 29 Augustus 520 vC.

Daar was genoeg redes om eiebelang voorop te stel. Eerstens het vyandige Arabiere en Samaritane hulle omring. Sestien jaar tevore, toe hulle die fondament van die tempel opnuut gelê het, het die omliggende volke hewig in opstand gekom. Boonop het die Samaritane gedreig: Probeer net weer 'n tempel of stadsmuur bou en ons sal sorg dat julle naam sleg word aan die Persiese hof. Naas dié politieke skaakmat was daar tweedens een misoes op die ander.

God keer egter die rede om, en sê dat hulle misoeste het omdat hulle nie die tempel bou nie. As die volk die orde van God en mens omkeer, keer Hy vir hulle die lewensorde om. 'n Mens eet tog om versadig te word, trek klere aan om warm te kry, saai baie om ruimskoots te oes en die beursie moet jou geld hou. “Dink aan wat julle ervaar het”, sê God – die kos en die klere was te min en die beursie het geld gelek.

Die leiers en die volk het gehoor, gevrees, en begin bou – skaars drie weke later (vs 15) Hoe reageer ons as droogtes en misoeste kom en inflasie ons beursies dreineer? Onthou: *Soek éérs die koninkryk van God* (Matt 6:33) en al dié dinge word ons deel.

Sing: Psalm 95:4 (1936)

Prof LF Schulze (Emeritus)